Tema: Christus het sy vrede vir ons as erfporsie nagelaat – eien dit vir jouself toe!

Vooraf sang
Lied 188: 1,2,3
Ps. 122 – 1: 1,2

Ontmoetingsdiens:
Intreelied en votum: Sb 19 – 3: 1,2,3,4
Seën
Loflied: Sb 4 – 6: 1

Woorddiens
Skriflesing: Johannes 14: 15 – 31
Teksvers 27
Sing: Sb 11 – 3: 1,7 (Alternatiewe mel Sb 16 – 1)
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing: Ps. 128 – 1:4 (Vervang woorde “jou” en “jy” met “ons”)
Seën
Amenlied Sb 13 – 2

Vrede vir julle! So het Christus elke keer sy dissipels gegroet met sy verskyninge aan hulle na sy opstanding! Vrede vir julle – so het God ons ook ook so pas gegroet met die groetseën : Genade en vrede vir julle, m.a.w. ook vir my en vir jou!

Vrede, geliefdes is so ’n belangrike saak in die Woord! Op byna elke bladsy van die Bybel word op een of ander manier verwys na hierdie vrede wat God gee. Dit is so ’n kernsaak in ons geloofslewe.......

Die vraag is egter: Het jy vrede in jou lewe, br en sr? Ervaar jy hierdie vrede in jou lewe waarvan Christus in ons teksverse praat? Dat jy vrede het in jou verhouding met God, dat jy vrede het in jou verhoudinge met mense en dat jy vrede in jou hart het. Daardie vrede waarvan Paulus in Fil. 4 praat wat alle verstand te bowe gaan en wat oor jou die wag hou? Leef jy in vrede?

Of is daar onrus of dalk ’n stryd in jou? Onvrede, ’n onrustigheid wat jou sleg laat slaap. Ervaar jy ook soms ‘n gevoel van onrus en ongedurigheid in jou binneste! Dat daar nooit stilstand en vrede in jou kom nie!

Dalk het dit te doen met die sg. “rotresies” waarmee die lewe ons vasvang! Maar miskien het hierdie gevoel van onrus met iets diepers te doen. Dalk het dit te doen met hoe jy oor jouself dink: dat jy net nie opweeg teen alles en almal nie! Dat jy nooit goed genoeg is nie en dat jy gedurig probeer om alles en almal tevrede te stel!

Nog dieper: dalk het hierdie gevoel van onrus te doen met hoe jy jou verhouding met die Here sien en beleef! Dat jy gedurig probeer om God tevrede te stel en jou voel dat jy dit nooit kan bereik nie.

Is daar dalk onvrede tussen jou en iemand anders? Het jy dalk stryd en onrus met jou huismense of dalk met iemand by jou werk? Ontstel dit jou elke keer as jy hierdie persoon sien of met hom of haar moet praat?

Brs en srs, die Here Jesus sê vanmore vir ons: Hy het vir ons vrede as erfenis nagelaat! ’n Omvattende, alles oorheersende vrede! Ja, vir elkeen wat in Hom glo het Hy hierdie vredeserfporsie gegee: Eien dit vir jouself toe!

As daar by jou stryd en onrus is, vrees of onsekerheid – dan het jy jou erfporsie êrens verloor! Dan gebruik jy nie dit wat Christus spesiaal vir jou nagelaat het nie, sy allesinsluitende vrede vir jou lewe!

Kom ons kyk uit die Skrif wat is hierdie vrede en hoe kry ons dit?

Vrede, brs en srs, sê Job in hf 25: 2 word in die hemel deur God gemaak en op aarde aan mense geskenk! Vrede is nie net die afwesigheid van stryd nie of onrus nie, maar dit dui op die totale goeie lewe en versorging van God. Vrede is die welsyn van liggaan en siel. Vrede dui op die lewe in sy volle bloei en voorspoed in die hande van God!

Vrede is die inhoud van die bekende Ou-Testamentiese woord “sjaloom” waarmee mense mekaar gegroet het en wat mense vir mekaar as seënbede toegesê het. Die griekse woord wat in ons teksvers gebruik word, “erenê”, bring die betekenis van vrede teenoor stryd na vore. Vrede teenoor vrees of onsekerheid.

Die wonderlike van hierdie vrede wat God maak en aan mense skenk is die feit dat dit nie iets is wat ek hoef na te jaag nie of te vind nie, God gee dit as geskenk aan my. Dit is ’n klaar gemaakte pakkie van vrede vir my, vrede in alle omstandighede. Of dit goed gaan of sleg – ek het God se vrede ontvang en ek kan en moet daarmee lewe!
Dit is die vrede wat God skenk!

En die manier waarop hierdie hemelse vrede aan ons geskenk word, is deur die versoeningswerk van Jesus Christus ons Here. Christus moes kom vrede maak want die duiwel het die vrede in die hemel versteur en hy dit ook op aarde kom versteur. Die vrede wat daar in die paradys tussen God en die mens was, het die duiwel kom versteur deur die sonde waarin hy die mens laat val het! En sonde versteur die vrede tussen my en God. Dit bring vyandskap tussen my en God want nou moet God my straf!

Hierdie onvrede bring onrus in my gemoed! Wat moet ek doen om aan die straf te ontkom! Is God tevrede met my en my dit wat ek doen! Is ek dan ook goed genoeg vir God!

Sonde versteur ook die vrede tussen my en my medemense. In plaas van liefde en harmonie kom haat en stryd en dood. Dit sien ons duidelik in die lewe van Adam en Eva en hulle kinders, tot vandag toe nog. Onvrede in huwelike, tussen kinders, tussen medegelowiges, tussen rasse en volke – stryd!

Die sonde versteur ook my verhouding met die wêreld. Waar die wêreld voor die sondeval vir die mens ’n aangename en vriendelik plek was, het dit as gevolg van die sonde ’n vyandige en bose plek geword. Waar dit eens ’n rustige stappie in die tuin was, het dit ’n oorlewenstryd in die woestyn geword. ’n Rotresies waarin almal sukkel om by te kom.

Maar, geliefdes, Christus is ons Vredevors, die Vredeskoning, wat moes kom om weer vrede op aarde te herstel. Van daardie vrede sing die engele ook as Hy gebore word! Hy moes met sy lewe op aarde en die stryd wat Hy hier teen die duiwel en die mens kom voer het, moes Hy die vrede tussen God en ons kom herstel deur sy lewe in hierdie stryd af te lê.

Sy lewensdoel was die versoeningsoffer wat weer vrede tussen God en mens kom herstel het. Christus dra ons straf en so weer Hy God se stryd teen ons af en bring Hy vrede tussen ons en God. ’n Volkome vrede – totale versoening, totale vergifnis en die waarborg van God se belofte van vrede – die goeie lewe – liggaamlik en geestelik - vir ons wat in Hom glo! Die lewe in oorvloed, die lewe sonder vrees of bekommernis. Die lewe van : God is tevrede met my – want Christus het namens my aan alles voldoen! En ek is tevrede met God- Hy het my alles geskenk!

En dit is hierdie vrede wat Christus vandag vir ons sê dat Hy vir ons as erfporsie nagelaat het. Hy het dit vir elkeen wat in Hom glo, gegee. Br en sr, as ons dus sê dat ons in God glo, dat ons deur Jesus sy kinders is, dan het ek en jy hierdie vrede ge-erf! Ons besit reeds hierdie vrede!

Br en sr, jy vra seker reeds in jou gedagte:
“Waarom ervaar ons dan soveel onvrede, onrus en stryd in ons lewe?” Dit is en bly steeds die werk van die duiwel en van die sondige wêreld. Jesus verwys daarna in ons teksgedeelte in vers 30: die owerste van hierdie wêreld – naamlik die duiwel staan in stryd met die Vredevors. Die duiwel wou Christus kom stuit sodat Hy nie hierdie vrede vir ons kon bewerk nie!

En toe die duiwel dit nie met Christus kon regkry nie, nou staan hy in stryd met elke gelowige. Hy wil my nou met wêreldse dinge gelukkig hou en eintlik dan ongelukkig maak. Christus sê dan juis dat sy vrede nie soos die vrede van die wêreld is nie.

Die wêreldse vrede is gebou op uiterlike dinge soos geld en omstandighed – God se vrede is gebou op verhoudinge! God skenk my sy vrede - vir wêreldse vrede moet ek werk met my eie vermoëns en gawes – en daarom bereik ek dit nooit.

Wêreldse vrede word geniet as daar nie stryd of oorlog is nie, as dit goeie en voorspoedige tye is. God se vrede word geniet ten spyte van stryd en te midde van beproewinge. God se vrede is die wete dat ek veilig in sy hande is – en nie uitgelewer is aan die magte van die bose nie.

Geliefdes, as daar dan onrus, onvrede en stryd in jou lewe is – kyk mooi of jy dit nie dalk op wêreldse wyse soek nie! As my vrede rus op uiterlike dinge soos my eie prestasie, of my status of geld of goeie omstandighede – dan gaan ek altyd ontevrede wees – want nooit gaan ek genoeg geld of altyd net die beste omstandighede geniet nie.

Vrede en tevrede wees het alles met mekaar te doen. Vrede is om geborge in God te wees te midde en ten spyte van beproewing en stryd.

Br en sr, hoe kry ek dan weer vrede in my lewe? Maak elke dag jou erfporsie oop en kyk wat het Christus vir jou nagelaat – eien dit vir jou toe met nuwe denke, nuwe emosies en nuwe dade gebou op hierdie vrede.

Fokus op die twee belangrikse verhoudinge in jou lewe: Jou verhouding met God in Christus en jou verhouding van liefde met jou naaste want - sodoende kom daar vrede in jouself!

Leef in die vredes-verhouding waarmee Christus jou met God gestel het. Dat jy by Hom vergifnis en redding gevind het! Dat God met jou tevrede is! Dat jy nie nog iets moet doen om vrede te kry nie!

Leef in ’n lewende verhouding met die Jesus - Vredevors self – waarin jy glo dat Hy koning van die wêreld is en dat jou lewe veilig in sy Hande is. Leef met die wete dat Hy terugkom en vir ons volkome vrede gaan bring!

En geliefdes, leef in verhouding met die Heilige Gees. Luister na die stem van die Heilige Gees in jou lewe. Vrede is ook die werk van die Heilige Gees – dit is waarom Hy ook vir ons deur Jesus agtergelaat is. Gal 5 sê dan ook dat vrede deel is van die vrug van die Gees se werk in ons lewe.

Bid elke dag dat hierdie vrede van God oor jou gedagtes, jou hart en jou lewe die wag kan hou! Letterlik: wag kan hou! Dat die Heilige Gees jou beskerm teen vrees, angs, bekommernis en onvrede deur jou elke dag te herinner aan wat Christus reeds vir jou gegee het. Leef dan in daardie vrede en bewaar dit in jou hart.

Maar, geliefdes, ons kan nie net die vrede van God geniet nie. Ons moet self ook vrede maak. Ons Here Jesus het gesê: Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. Ons moet hierdie vrede van God in die wêreld uitdra en ons moet hierdie vrede aan ander mense gee!

Sovele kere roep ons Here Jesus ons op: “vir sover dit van julle afhang: leef in vrede met alle mense.” Vrede wat kom deur vergifnis wat ek aan mense skenk vir dit wat hulle aan my doen. Vrede wat kom deur die genade van God aan alle mense uit te deel.

Brs en srs, ten slotte hierdie metafoor: ons almal ken die vredestaakmag van die VN wat oral in die wêreld ontplooi word waar daar oorlog is. Met hulle wit voertuie en blou vlae moet hulle vrede bring waar daar stryd tussen mense is.

Ons as kerk is die vredestaak-mag van God in hierdie wêreld. Christus is ons bevelvoerder, Hy is die Vredevors en ons die vredemakers! En al wat ons moet doen, is om self met God se vrede te lewe en sy vrede aan ander uit te deel. Hy stuur ons in hierdie wêreld in met sy vrede!

Is jy ontsteld? Het jy stryd en onrus in jou lewe? Is jy bang en vrees jy baie dinge? Ons Here Jesus sê  Moenie bang wees nie! Kyk, Ek het vir julle my vrede nagelaat!

Ja, Hy groet jou ook nou weer as Hy sê: vrede vir jou!

Amen.